# VERBRYSELD?  OMHELS DIE SMIRNAS IN JOU LEWE

Smirna beteken: "mirre" of "soet geur". Mirre is 'n plant met 'n aangename geur, maar 'n bitter smaak. Om te sterf aan die SELF het 'n lieflike geur vir JaHUaH en vir almal om jou, behalwe vir jouself. Jy sal self nie bewus wees van die aangename geur nie, omdat dit vir jou op daardie oomblik bitter smaak.

Word jy verbryseld deur iemand of iets? Jy voel van JaHUaH en mens verlaat, hoor nie meer Sy stem nie omdat jou gemoed te veel raas. Jy voel jy het JaHUaH vertrou vir uitredding maar die toestand of situasie woed kankeragtig voort. Jy verkwalik selfs dalk nog die Almagtige omdat Hy almagtig is en tog kàn ingryp. Jy wil nie meer bid nie, want dit lyk nie of Hy hoor nie.

Verkeerd!! JaHUaH hoor, en luister net hoe soet klink Sy stem uit Open. 2:8 – 11 vir elkeen wat verbrysel word:

- "DìT Sê DIE EERSTE EN DIE LAASTE," Ek was daar lank vòòr jou smart, daarom het dit by My verby gekom. Ek het dit toegelaat. Moet dus nie jou eie planne probeer beraam om uit die vuur te kom nie, want Ek is die laaste, die einddoel van die proses. Verloën jouself, neem jou kruis op en volg My (Mark. 8:34 – 35).

- "WAT DOOD WAS EN LEWEND GEWORD HET." As jy My wil volg moet jy bereid wees om te sterf, om jouself te verloën deur nie meer jouself te vertroetel ten opsigte van jou smart en hoe jy daaruit gaan ontsnap nie. Wanneer jy sterf aan eie belang, volg jy in My voetspore, want ek was dood. Ek het lewend geword, daarom sal ek jou dan ook lewend maak. Die lewe wat Ek gee, rig jou oog en hart op My en die dinge daarbo. Die aardse lewe word nietig en klein wanneer jy opkyk in My gesig van liefde.

- "EK KEN JOU WERKE" Ek is bewus van die werk wat jy doen in My koninkryk, al voel dit nie vir jou so nie. Arbeid in JaHUaH is nie tevergeefs nie. Wees dus standvastig en onbeweeglik ten spyte van ontmoediging.

- "EK KEN JOU VERDRUKKING" Jy het al agtergekom dat niemand regtig kan verstaan hòè swaar jy kry in hierdie verdrukking nie, maar Ek verstaan nie net nie, Ek kèn dit. Onthou, Ek het die pad vòòr jou geloop. Ek voel werklik sààm met jou en jou verbryseling is vir My ook 'n verbryseling.

- "EK KEN JOU ARMOEDE" Ek is heeltemal bewus van wat jou alles in die fisiese lewe ontbreek. Ek weet dat jy altyd tevrede is met die minste, terwyl ander mense soveel meer het en baie geriefliker as jy kan lewe. Ek weet hoe graag jy vir jou huisgesin meer sou wou gee. Ek kèn jou armoede.

- "MAAR JY IS RYK" Maar het jy nie gesien hoe ryk jy is aan die skatte wat nie gesteel kan word nie, wat nie deur motte gevreet kan word of deur roes kan vergaan nie? Niemand kan die skatte van ondervinding en kennis van die ewige dinge koop nie. Jy het dit met inspanning ingesamel deur met My tyd te spandeer wat jy duur uitgekoop het, sodat my Gees jou in die ewige dinge kon onderrig en lei.

- “EK KEN DIE LASTERINGE VAN DIE WAT Sê DAT HULLE JODE IS EN DIT NIE IS NIE, MAAR ‘N SINAGOGE VAN DIE SATAN.” Ek weet hoe mense van jou praat; dat hulle reken hulle weet meer as jyself van die situasie. Dit is pyle uit die vyand se linie wat Ek toelaat sodat jy kan weet jy kan op geen mense vertrou nie, al is dit ook ‘n medepelgrim. Daardie pyle is in My hand ‘n beitel waarmee ek al die rowwe stukke van jou geestelike lewe afkap om jou na my beeld te vorm. Die Satan wil jou laat voel dat jy heeltemal verstote is, maar Ek sonder jou sodoende af om al jou aandag te kry.

- “VREES VIR NIKS WAT JY SAL LY NIE.” Moenie bang wees vir lyding nie, omhels dit. Die lyding lyk meer skrikwekkend as wat dit werklik is, want Ek is gedurig by jou en Ek het volle beheer oor elke kleinste insident. Ek het vir jou redding in gedagte.

- “KYK, DIE DUIWEL GAAN SOMMIGE VAN JULLE IN DIE GEVANGENIS WERP, SODAT JULLE OP DIE PROEF GESTEL KAN WORD,” Hierdie gevangenis is jou omstandighede waaruit jy nie kan kom nie. Dit is wel deur die duiwel veroorsaak, maar Ek gebruik hom maar net terwyl hy dink dat hy nou los hande voor is. Hy wil jou in die modder hê, moedeloos en vernietig, maar Ek wil dit as ‘n proef gebruik om te toets of jy My nog sal vertrou, liefhê, en volg as dit nie met jou voorspoedig gaan nie. Hierdie is ‘n geleentheid vir jou om jou sterkte in My te toets. Onthou jy wat Daniël se drie vriende vir Nebukadnesar gesê het? Hulle het gesê:

  > As onse Elohiem wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos; MAAR SO NIE, laat dit u bekend wees, o koning, dat ons u gode NIE SAL DIEN NIE en die goue beeld wat u opgerig het NIE AANBID NIE. (Dan. 3:17 – 18 )

  Hulle het vas besluit om my te volg al sou Ek hulle dalk nie verlos nie. Dit was ‘n toets. Ek stel jou nou ook op die proef, of jy My liefhet bo jouself.

- “EN JULLE SAL TIEN DAE LANK VERDRUKKING Hê.” Hierdie toets wat vir jou verdrukking is, sal nie onbepaald voortduur nie. Maar dit sal die fynste detail beproef. Elke gesindheid van jou teenoor alle mense sal oopgevlek word. Veral ook of jy diègene kan vergewe wat indirek deur die Satan gebruik word om jou te verdruk. Onthou hulle is net vlees en bloed en julle stryd is nie teen vlees en bloed nie. (Ef. 6:12)

- “WEES GETROU TOT DIE DOOD” Jy moet net aan My getrou wees ten alle koste. Dit sal jou kos om te sterf aan ‘n verwagting dat dit altyd met jou voorspoedig moet gaan. Iemand wat dood is, kan homself nie bejammer nie, hy kan ook nie gedurig oor homself en sy probleem praat en selfs daaraan dink nie. Iemand wat dood is kan nie meer seergemaak word nie. ‘n Dooie kan nie toesnou of terug baklei of redeneer nie. As iemand dood is, reageer hy nie, selfs al skop jy hom.

- “EN EK SAL JOU DIE KROON VAN DIE LEWE GEE.” As jy sò gesterf het, sal Ek jou die kroon van die lewe gee. My lewe sal in jou sigbaar wees vir ander. Jy sal self nie daarvan bewus wees nie, omdat jy dood sal wees, maar jy sal gekroon wees met die feit dat Ek nou heeltemal dèur jou kan lewe. Ek sal mense vergewe wat jou (dis eintlik teen My gemik) skade berokken het. Ek sal die vrede gee wat alle verstand te bowe gaan, in alle omstandighede, hoe haglik ook al. Ek sal liefhê hulle wat vyandig is. Ek sal wysheid openbaar en woorde spreek wat met sout besprinkel en aangenaam is. Hierdie kroon van die lewe is ‘n aangename geur van My tot eer van JaHUaH

onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan. Die aangename geur is ‘n advertensie vir die Ewige Lewe en dit spreek tot mense om ‘n keuse te maak: vir My of tèèn My.

- “DIE WAT OORWIN, SAL DEUR DIE TWEEDE DOOD GEEN SKADE LY NIE.” Jy sal oorwin as jy kan sê dat Ek met jou kan doen wat Ek wil, omdat jy My dan vertrou soos Abraham toe hy Isak op die altaar gesit het. Oorwinning lê daarin om My te vertrou met jou “Isakke” (dinge of mense wat jou nà aan die hart lê en vir jou onontbeerlik skyn te wees). Jy sal nie skade ly nie, want Ek beroof nie, Ek seën. Saai jy maar in die verganklike, jy sal in die onverganklike maai. Onthou: hìèrdie aardse lewe is maar ‘n oogknip, maar die Ewige Lewe, dìt is diè lewe, ‘n oorvloedige lewe van oorwinning. Leef dit nou reeds. Laat elke Smirna vir jou ‘n trapplek wees, hoër op, naby My hart!

-0-0-0-0-0-0-

AndriYaH
1994
Hersien 2018